

**UITTREKSEL UIT DIE HANDELINGE VAN DIE 30<sup>STE</sup> SINODALE  
VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-  
AFRIKA (26 JANUARIE 1949 EN VOLGENDE DAE)**

**ART. 84.**

*(Kyk ook art. 199)*

Die Rapport insake art. 36 van die Ned. Geloofsbelydenis gaan na Kommissie I.  
Die Rapport lui:

*Aan die eerw. Gen. Sinode van die Geref. Kerk in S.A., in sitting byeen D.V. 26  
Januarie 1949 e.v.d.*

Eerw. Voorsitter en Broeders,

U deputate wat deur die sinode van 1945 benoem is in verband met bogenoemde  
saak het die eer om as volg te rapporteer:

**I. ONS MANDAAT EN ONS VERTOLKING DAARVAN.**

Die besluit van die sinode word gevind in die Handeling van 1945, bl. 100, 101,  
en het die volgende bewoording: "Die sinode benoem 'n deputaatskap om 'n  
deeglike" studie te maak van die vraagstukke in verband met art. 36 en aan die  
volgende sinode verslag te doen."

Uit die toeligting van die eerw. kerkraad van Potchefstroom (van wie die  
beskrywingspunt afkomstig is) het geblyk dat daar hoegenaamd geen sprake is  
van 'n gravamen nie, maar dat veral die volgende oorweginge tot die insending  
van die beskrywingspunt gelei het:

(1) Die Geref. Kerke wat met ons in korrespondensie staan, t.w. die Geref. Kerke  
in die Nederlande en die Chr. Geref. Kerk in die V.S.A., het respektiewelik reeds  
wysiging in die art. aangebring of is besig met studie van die saak. Die Geref.  
Kerke in die Nederlande het naamlik reeds in 1905 besluit om gevolg te gee aan  
'n gravamen teen die volgende woorde: "om te weer en uit te roei alle afgodery  
en valse godsdiens, om die ryk van die antichris te gronde te rig" en om die  
woorde uit die art. te skrap. Die Chr. Geref. Kerk in die V.S.A. stem met die  
Geref. Kerke in die Nederlande saam wat die grondgedagtes betref, maar het nog  
nie tot finaliteit gekom nie. Eers is 'n verklarende aantekening by wyse van 'n  
voetnoot aan die art. toegevoeg, maar later is daarop gewys dat art. en voetnoot  
van heeltemal verskillende standpunte uitgaan, sodat die hele saak weer in studie  
geneem is. (Verskillende sinodes kon egter nie eenstemmigheid bereik nie, sodat  
in 1947 besluit is om die hele saak te verwys na die e.k. ekumeniese sinode van  
Geref. Kerke, waar die vraagstuk ook behandel sal word. Deputate.)

(2) In die 19de eeu het die aanvalle op kerk en Christendom meestal gekom van  
die kant van die wetenskap. In die twintigste eeu van die politieke kant. In die  
19de eeu kon reeds gesien word tot watter mate van tirannie die liberaal-  
demokratiese staat kan oorgaan, maar veral die opkoms van die totalitêre state in

die twintigste eeu maak die gevaar geensins denkbeeldig nie dat goddelose owerhede hulle (verkeerdelik) op art. 36 kan beroep vir hul tirannie oor kerk en godsdiens, veral op die sin wat lui: "maar ook om die hand te hou aan die heilige kerkdiens." Dit is dus noodsaaklik dat daar weer besinning sal kom oor die implikasies van art. 36. Solank as daar geen gravamen ingedien is nie, kan ons immers aanneem dat ons Kerk bely wat in art. 36 staan en dit beskou as in volle ooreenstemming met die Woord van God. In 1913 is dan ook besluit dat die Geref. Kerk in Suid-Afrika die artikel onveranderd laat staan (vgl. Hand. 1913, art. 112, 117). Tot sover nog altyd die oorweging wat gegeld het by die indiening van die beskrywingspunt.

U deputate gaan van die standpunt uit dat die sinode van 1945 deur hierdie toelighting oortuig is dat 'n deeglike studie van die inhoud en implikasies van die art. gemaak moet word en wel met name van die vraag: *Wat is die plig van die burgerlike owerheid ten opsigte van godsdiens en kerk?* Hierdie vraag kan in nuce weer soos volg saamgevat word: Het godslastering op publieke terrein vir die owerheid net soveel reg as die verheerliking van die Naam van God? Mag die owerheid toelaat dat kommunistiese of ateïstiese propaganda in woord en geskrif vryelik mag beweeg? Hierin kristalliseer al die kwessies wat in verband met die art. staan. In ons rapport word derhalwe nie die vraagstuk van die verhouding van kerk en staat in alle opsigte bepaal nie. Derhalwe gaan ons ook nie in op die roeping van kerk en staat afsonderlik nie, behalwe in soverre bogenoemde saak daardeur geraak word.

By die bestudering van die saak het u deputate tot die oortuiging gekom dat hulle met 'n uiters gewigtige en aktuele saak te doen het. Ons meen dat dit uit onderstaande rapport sal blyk. Met die oog hierop wil ons al dadelik aan die begin adviseer dat hierdie rapport en die besluite wat daarop mag volg, nie as finaal beskou sal word nie, maar aan ons deputate na die volgende ekumeniese sinode as leidraad meegegee sal word om die gevoele van ons Kerk te vertolk. Eers wanneer die besluite van die ekumeniese sinode bekend is, kan ons sinode 'n finale beslissing neem. Die belydenis is naamlik gemeenskaplike besit van die Geref. Kerke.

## *II. Die uitvoering van ons mandaat.*

Om die implikasies van die art. goed te vat behandel en beoordeel ons eers die besware wat in die loop van tyd teen sekere uitdrukkinge na vore gebring is, sonder om in elke geval aan te toon vanwaar dit afkomstig is.

Die redenering van beswaardes bevat in hoofsaak die volgende punte:

1) Die Konfessie gaan uit van die regsorde van sy tyd, 'n regsorde wat in ons tyd nie meer geld nie, omdat ons heeltemal ander beskouinge huldig t.o.v. die verhouding van Staat en Kerk asook t.o.v. die plig van die owerheid teenoor die Kerk en die godsdiens. Die Konfessie leer bv. — aldus nog altyd die beswaardes — dat die koninkryk van Christus ook deur die dwingende mag van die Staat

bevorder moet word en dat in die sfeer van die publieke lewe deur middel van allerlei bepalinge en selfs deur gebruik te maak van die swaardmag, alle sektes en alle persone wat na die beskouing van die owerheid skuldig is aan vervalsing van die diens van God en aan bevordering van die ryk van die antichris weerstaan moet word. Volgens die opvatting van beswaardes gaan die Konfessie ook uit van die gedagte dat 'n bepaalde Kerk geproklameer moet word as die staatskerk en dat die bepalinge van die belydenis dus daarop neerkom dat net een tipe van religie in daardie staat geduld mag word.

2) Hierdie gedagtes is in stryd met die Skrif en ook met beginsels deur die Hervormers self neergelê, met name dié van gewetensvryheid en van die selfstandigheid van Kerk en Staat teenoor mekaar, waaruit volg dat die een nie op die terrein van die ander mag kom nie.

By die behandeling van die genoemde besware wil ons die volgende indeling volg:

1. Wat het die opsteller van die Konfessie presies bedoel?
2. Hoe harmonieer die gedagtes daarvan met wat die Geref. vaders in die 16de en 17de eeu geleer het?
3. Is die opstellers van die Konfessie en die Geref. vaders in die algemeen in stryd met hulself?
4. Is die gedagtes van die Konfessie (en van die Geref. vaders) in stryd met die Skrif?

1. *Wat het die opsteller van die Konfessie presies bedoel?*

a. *Die teks van die Nederlandse Geloofsbelydenis.* Die Geloofsbelydenis is deur Guido de Brès in Frans opgestel (1561). Die oudste Nederlandse vertaling dateer van 1562. Die Franse teks is op die sinode van Antwerpen in 1566 hersien. Tot kort gelede was egter geen eksemplaar van die hersiene Konfessie voorhande nie. Nou weet ons dat daar een is in die Openbare en Universiteitsbiblioteek te Genève. Dit blyk dat die hersiene teks van 1566 ooreenkom met die teks van 1580, wat reeds lankal bekend is. Uit 1580 dateer nl. die sgn. Waalse manuskrip, die outentieke eksemplaar van die Frans-sprekende kerke in die Nederlande, wat soms nog as sodanig geld. Die eerste Latynse vertaling is gemaak na die hersiene Franse teks. Hierdie teks is op die Dordtse sinode gebruik, soos dit afgedruk is in die "Corpus et Syntagma Confessionum .....

In die 155ste sitting (die eerste na die vertrek van die buitelandse . afgevaardigdes) het die Dordtse sinode van 1618-1619 'n kommissie benoem vir revisie van die Konfessie in Latyn, Frans en Nederlands, met die doel om 'n drievoudige outentieke teks vas te stel en wel met die beroemde Waalse manuskrip as grondtipe en origens met kollasionering (vergelyking) van die "oudste en voornaemste Exemplaren." Hierdie Waalse manuskrip is dus van

besondere betekenis.

In die 173ste sitting is die Nederlandse en Franse teks vasgestel. Aan Hommius is opgedra om 'n nuwe Latynse vertaling te besorg, aangesien die sinode nie meer tyd gehad het om dit self te bchartig nie. Die "revisores" (hersieners) is gemagtig om dit na te sien en goed te keur.

In strikte sin is dus alleen die Nederlandse en Franse teks outentiek. Tog merk dr. Bakhuizen van den Brink op dat Hommius se teks voortreflik is en soms beter lees as die Nederlandse. (Bostaande gegewens is ontleen aan een van die jongste werke oor ons belydenisskrifte, nl. dié van dr. J. N. Bakhuizen van den Brink: *De Nederlandsche Belijdenisgeschriften*, Amsterdam, 1940).

U deputate wil hier beklemtoon dat die teks soos vasgestel deur die sinode van Dordrecht vir ons die gesaghebbende is (vgl. K.O., bl. 95). Daarby sal die Nederlandse en Franse tekste vir ons die belangrikste rol speel, en veral die laaste sal groot gewig dra, aangesien dit die grondtipe gevorm het.

b. *Die presiese bewoordinge van die Konfessie in art. 30, in sover ons studie daardeur geraak word.*

*Franse teks.*

Et non seulement leur office est, de prendre garde et veiller sur la police; ains aussi <sup>1)</sup> de maintenir le sacré ministere, pour oster et ruiner toute idolatrie et faux service de Pantechrist <sup>2)</sup> et avancer le royanne de Jesus Christ, faire prescher la parole de l'Evangile par tout, afin que Dieu soit honoré et servi d'un chacun, comme il le requiert par sa parole.

*Aantekeninge.*

<sup>1)</sup>. In die oorspronklike uitgawe van Guido de Bres (1561) het hierdie sin gelees: "ains aussi sur les ehoses ecclesiastiques," d.i. "(ag te gee) op die kerklike sake." Die latere wysiging is van betekenis, omdat dit meer algemeen van aard is. Die lesing van 1561 kon nog enigsins die gedagte laat posvat dat die owerheid hom moet bemoei met die inwendige sake van die kerk, maar die latere lesing het 'n meer algemene betekenis, soos ons later aantoon.

<sup>2)</sup>. Nie minder as vyf tekste nie, nl. die oorspronklike van 1561, die unieke eksemplaar van die hersiene uitgawe van 1566, die beroemde Waalse manuskrip, die teks van Hulsius 1669, en die teks van Middelburg 1611, lees hier: "... et faux service de Dieu, pour destruiïre le royanne de l'Antichrist." In hierdie geval is die ander lesinge meer algemeen van aard as die deur Dordt goedgekeurde. Die hand moet aan die heilige diens

van God gehou word" om te gronde te rig die koninkryk van die Antichris." Hoewel die Dordtse teks vir ons gesaghebbend is, moet ons tog rekening hou met die oorspronklike formulering. (N.B. — Schaff (*Creeds of Christendom*) gee hierdie lesing as die Dordtse, ook Visscher.) .

*Nederlandse teks.*

En hun ambt <sup>1)</sup> is niet alleen acht te nemen en te waken over de politie, maar ook de hand te houden aan <sup>2)</sup> den heiligen Kerke dienst, om te weren en uit te roeien alle afgoderij en valschen godsdienst<sup>3)</sup>, om het rijk van den antichrist te gronde te werpen en het Koninkrijk van Jezus Christus te doen vorderen<sup>4)</sup>, het Woord des Evangelies overal te doen prediken, opdat God door een iegelijk geëerd en gediend worde, gelijk Hij in Zijn Woord gebiedt.

*Latynse teks.*

Horum autem officium est, ut non modo curam gerant et pro conservanda politia excubent, verum etiam ut sacrum tueantur Ministerium omnemque idolatriam et adulterinum Dei cultum submoveant et evertant, regnum Antichristi diruant, Christi vero regnum promoveant operamque dent, ut verbum Evangelii ubique praedicetur, quo Deus ab unoquoque, prout Verbo suo exigit, honoretur et colatur.

*c. Wat wil die teks van die Konfessie sê?*

Ons bepaal ons hier hoofsaaklik by die Franse Konfessie. Dit blyk dat die Konf. duidelik onderskei tussen tweërlei taak van die owerheid. Die eerste het betrekking op die maatskaplike lewe en op die middele wat God aan die owerheid toebeskik lret om die taak uit te voer, deur naamlik die kwaaddoeners te straf en die vromes (die goeie mense) te beskerm. Dan gaan. die belydenis oor tot die tweede taak wat betrekking het op die geestelike lewe van die volk. Die manier waarop hierdie tweede taak ingelei word, laat ons sien dat dit van 'n gans ander order is. Die Franse woordjie "ains" is in die tyd van Calvyn gebruik en het die betekenis gehad van "maar." Dus "maar ook" het die owerheid 'n taak ten opsigte van die geestelike lewe van die volk. Uit die teks self volg derhalwe nie dat vir die uitvoering van die tweede deel van die taak dieselfde magsmiddele per se gebruik moet word as vir die cerste deel nie: (Vgl. dr. H.

Aantekeninge.

<sup>1)</sup> Die oudste Ned. druk van 1562 lees die eerste sin soos volg: "Ende hun ambt ende officie, en is niet alleenlick te bedwingen ende te waken ouer de Burgerlicke regeringhe ende policie, maer oock ouer de Kerckelicke saken." Vgl. noot <sup>1)</sup> by die Franse teks.

<sup>2)</sup> Die nuwe teks van dr. F. J. Los (1929) lees: "instand te houden."

<sup>3)</sup> Die oudste Ned. druk van 1562 lees: "Godsdiensten", wat 'n enigins, ander gedagte gee as: "godsdienst."

<sup>4)</sup> Verskillende tekste lees: "te vorderen," o.a. die oudste Ned druk.

Visscher: *De staatkundige beginselen der Nederlandsche Oeloofs-belijdenis*, Huizen, 1938, bl. 152, 153.)

(As u deputate uit die werk van Visscher aanhaal, wil dit nie sê dat hulle die hele inhoud en strekking van sy werk goedkeur nie).

"Ains aussi de maintenir le sacré ministere" — die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, d.w.s. dit te bevorder, dit vir die kerk moontlik te maak om sy taak te volbring. "Waarom? "Pour oster en ruiner totue Idolatrie et faux service ed l'antichrist." Hierdie woorde kan so verstaan word dat die owerheid die hand aan die Kerkdiens moet hou, sodat die Kerk sy taak kan vervul, *met die uitgesproke doel dat deur die heilige diens alle afgodery en valse diens, ens., uit die weg geruim sal word*-Die Franse woord "pour" beteken dat een ding daar is om die ander te bereik (vgl. Visscher, a.w., bl. 154). So opgevat sou die staat hoegenaamd nie van geweldmiddels gebruik hoef te maak nie, sou die prediking van die Woord met wat daarby behoort die enigste middel wees vir die uitbreiding van die koninkryk van Christus en die neerwerping van die ryk van Satan.

As die belydenis egter gelees word in die lig van die beskouing van die Geref. vaders (vgl. die volgende paragraaf) moet daar meer in gevind word. Dit blyk reeds uit die Franse Konfessie van 1559, wat deur De Brès hoofsaaklik gevolg is. Hier word duidelik gesê in art. 39: " . . . a ceste cause a mis le glaive en la main des Magistrats, pour reprimer les peches commis, non seule-ment contre la Second Table des Commandemens de Dieu, mais aussi contre la premiere." (Om hierdie rede het Hy die swaard in die hand van die owerheid gegee, om te onderdruk die sonde wat begaan is, nie alleen teen die tweede tafel van die wet van God nie maar ook teen die eerste.) *Hier word duidelik aan die owerheid oolc swaardmag toegeken t.o.v. oortredinge teen die eerste tafel van die wet.*

'n Saamvattende beskouing met betrekking tot die werklike betekenis, van die woorde van die belydenis gee ons nadat die uitsprake van Geref. vaders gehoor is.

Voorlopig wil ons egter hier opmerk dat dit vir geen teë-spraak vatbaar is nie dat die Konfessie aan die owerheid ook 'n taak toeken ten opsigte van Kerk en godsdiens.

*2. Hoe harmonieer die gedagtes van die Konfessie met wat die Geref. vaders van die sestiende en sewentiende eeue geleer het?*

a. *Calvyn*. Dat die invloed van Calvyn op die Konfessie baie groot is, word deur almal toegegee. Dit is bekend dat die Franse Konfessie wat deur De Brès gevolg is, grootliks onder invloed van Calvyn ontstaan het. Maar met name in art. 36 het De Brès enigsins van die Franse Konfessie afgewyk en letterlik by die Institusie van Calvyn aangesluit, juis wat betref die gewraakte sinsnedes. Beswaardes verwys na Inst, IV, 20, 3 en 9, waaruit blyk dat —

volgens Calvyn — die burgerlike regering nie alleen daartoe dien dat die mens mag leef, ens., nie maar ook dat daar geen afgodery of lastering teen die Naam van God en teen sy waarheid in die openbaar sou ontstaan en onder die volk gesaai word nie. Verder, dat op die publieke terrein van die lewe afgodery, valse godsdiens, godslastering, ens., deur die owerheid nie straffeloos geduld mag word nie. U deputate wil hier die aandag daarop vestig dat Calvyn spreek van "die publieke terrein van die lewe" en van "nie straffeloos duld nie."

Hierdie woorde is van betekenis. Van belang is ook om daarop te let wat Calvyn op hierdie woorde laat volg. Waarom moet die owerheid waak dat geen religieuse ergernisse onder die volk gesaai word nie? Dat daar "*publica religionis facies*" sal wees, wat (volgens Visscher) beteken dat die owerheid moet sorg dat nie allerhande wind van leer onder die mense uitgesaai word nie, *omdat daaruit onrus en revolusie kan opkom* (vgl. Visscher, a.e., bl. 157 — ons kursiveer).

In die verbygaan wys ons daarop dat feitlik alle regeringe hulle vandag in meerder of minder mate hieraan hou. Daarom is daar filmsensuur, wette teen openbare vloektaal, ens.

Calvyn het egter seker nie geleer dat in alle gevalle die swaard-mag toegepas sal word nie en derhalwe ook nie in alle gevalle die doodstraf nie. Dit blyk duidelik uit sy traktaat ter verdediging van die doodvonnis oor Servet (vgl. Acta Synodi, Geref. Kerken in Ned., 1905, bl. 288). Calvyn eis dat onderskeid gemaak sal word tussen ketters en ketters; hy keur die onmenslike wreedheid af waarmee die Roomse inkwisisie opgetree het; hy wil dat vooraf die weg van oorrading gevolg sal word en *alleen by hardnekkige verset* gestraf sal word; hy ag *dat in die meeste gevalle 'n ligter straf, soos met name ballingskap, voldoende is*, maar hy hou tog vol "dat dit die plig van die owerheid is om met die swaard diegene te straf wat, terwyl hulle self afvallig is van die ware geloof, ander tot afval aanspoor en *as smaders van God die ellendige siele met hulle bedrieërye as in nette verstrik*, die vrede van die kerke versteur en die ooreenstemming van die godsaligheid verskeur en aan stukke skeur." "God," sê hy, "het nie beveel om die swaard te gebruik teen almal sonder onderskeid nie; maar Hy het aan regverdige strawwe onderwerp die afvalliges, wat goddelooslik hulle vervreem het van die ware godsdiens en getrag het om ander tot 'n gelyke afval oor te haal."

"Wanneer ons," so gaan hy voort, "aan die owerheid die sorg opdra vir die beskerming van die religie, dan mag dit die swaard nie skerpmaak om, terwyl dit elke kettery straf, met oorhaasting tot bloedstorting oor te gaan nie. Want ons weet dat daar by die dwaling drieërlei trap onder-skei moet word; en ons sê dat aan sommige vergifnis geskenk moet word, vir ander 'n ligter kastyding voldoende is, *sodat alleen die openbare goddeloosheid met die dood gestraf word.*" (Calvyn Opera ed. Baum, Cunitz, Reuss, T.IV, p. 467, 476/7 — kursivering van ons.)

Belangrik is in hierdie verband ook die volgende konklusie waartoe prof. L. J. du Plessis kom: "Nou is dit byna nie nodig nie om daarop te wys dat hoewel Calvin baie van die bepalinge (nl. van die dekaloo-Dep.) aanvaar as algemeen-geldig, hy tog nie van mening is dat hulle as sodanig toepaslik is in alle state nie. Intendeel, as God Self sy strenge gebodseis matig om dit uitvoerbaar te maak met staatkundige middele, dan wys Hy self' die weg vir positivering van die blywende aequitas-kern van sy gebod, nl. dat rekening gehou sal word met wat bepaalde maatskaplike omstandighede vereis.

Wel gee die Mosaïese wetgewing 'n model ter navolging. Maar die aangewese weg is om die gebod aan te pas aan plaaslike omstandighede en om die betrokke maatskappy op te voed tot 'n hoërstaande regsoortuiging, waar hy nog nie die strengheid van die gebod kan dra nie. Veral die aard en graad van straf (vir bepaalde misdade sal afhang van omstandighede, mits wat God verbied, slegs ook van staatsweë teë-gegaan word na verhouding van die erns en veelvuldigheid van die misdaad." (*Die staatsteorie van Jean Calvin*, bl. 60.)

(Vgl. ook uit dieselfde werk, bl. 58: "Nie kettery moet dus gestraf word nie, maar revolusionêre skending van die reg ten opsigte van die religie.")

Prof. Bohatee lê in sy lywige en goed gedokumenteerde werk: *Calvins Lehre von Staat und Kirche*, ook nadruk daarop dat Calvin die vervolging beperk tot diegene wat self van die godsdiens afgeval het en *ander tot afval aanhits*. "Jode en Turke en dergelike is van hierdie vervolging uitgesluit." Volgens Bohatee leer Calvin ook dat die Roomse nie val onder diegene teen wie die owerheid moet optree nie. Hier verskil hy dus van die beswaardes van 1905. Die kettery waarteen Calvin dit gehad het, was volgens Bohatee "nicht eine andere 'Gestalt' des Glaubens oder eine andere Möglichkeit des Glaubens, sondern *elne Zersetzung und Vernichtung der Religion*" (a.w., bl. 623 — ons knrsiveer).

In Afrikaans: (Die kettery waarteen Calvin dit gehad het, was nie 'n ander 'gestalte' van die geloof of 'n andere moontlikheid van te glo nie, maar 'n oplossing en vernietiging van die religie.) Vir Calvin was daar, net soos vir Groen van Prinsterer, 'n onlosmaaklike band tussen afgodery en onsedelikheid, tussen ongeloof en rewolusie. Die staat gryp in wanneer die vlam op publieke terrein uitslaan.

Calvin veronderstel dus dat volgens omstandighede van volk, tyd en plek, daar in 'n staat 'n soort wetlike of selfs konstitusionele reëling insake dic erediens sal bestaan, waarvoor die blywende kern van die dekaloo die grondbeginsels neerlê, en dat die owerheid 'n rewolusionêre aantasting van hierdie reëling moet weerstaan met die mate van geweld wat nodig mag wees — hiervolgens vereis die belydenis op hierdie punt eiegentlik twee dinge, nl. (a) 'n staatkundige reëling circa sacra volgens die beginsels:



(a) van die dekaloo, en

(b) 'n strafregtelike handhawing van hierdie reëling teen rewolusionêre skending.

b. *Beza*. Beza maak net soos Calvyn onderskeid tussen ketters en ketters, tussen diegene wat dwaal te goeder trou en die *wat hulle hardnekkig teen die waarheid versit...* Vir die laastes meen hy dat geen straf te streng is nie. Veral die volgende uitspraak is belangrik: "As die owerheid egbreuk en moord met die dood straf, misdade wat teen 'n mens begaan is, hoeveel te meer moet dieselfde straf dan nie toegepas word nie op misdade waardeur die majesteit van God beledig word." Ook die belang van die staat bring dit mee, volgens Beza. 'n Dief of brandstigter of moordenaar bring nadeel toe aan een persoon, terwyl hy wat die ware diens van God verderf, 'n brand ontsteek waardeur duisende vir ewig omkom." (Vgl. Acta, Geref. Kerke in Ned., 1905, bl. 289.)

Beza maak ook duidelik dat nie. alle afgodery deur die owerheid gestraf moet word nie, soos God aan Israel nie beveel het om alle afgodsdienaars dood te maak nie, maar slegs diegene wat getrag het om sy volk Israel tot *afgodery te verlei*.

Bogerman (later voorsitter van die Dordtse sinode) het nog in 1601 die traktaat van Beza waaruit bostaande aanhalinge gemaak is, in Nederlands vertaal en sy hartlike instemming daarmee betuig.

e. *Die Nederlandse teoloë*. Die meerderheid van die Nederlandse teoloë het die reg van die owerheid om straf toe te pas in die geval van ergerlike sondes op publieke terrein aanvaar, hoewel hulle die doodstraf liever nie toegepas wil sien nie.

Die opstellers van die bekende *Synopsis* (vier Geref. Leidse professore) verklaar in die boek wat jare lank die standaardwerk van die Geref. teologie was (ed. Bavinck, bl. 623, 624) : "Dat dit beter is om ketterse leraars af te sit of te verban of op 'n ander manier te beteuel as met die dood te straf"; terwyl alleen 'n uitsondering gemaak word vir hulle "wat geheel en al ateïste en ten seerste godslasterlik is, die bestaan van God en sy voorsienige bestel oor menslike sake op die mees goddelose wyse hardnekkig loën, die algemene religie van die Christelike kerk met hulle afgryslike godslastering verderf, en die vrede en rus van die staat uit louter kwaadwilligheid en ongeneeslike boosaardigheid van gemoed versteur en deur geen ander en geskikter of sagter middel of geneesmiddel bedwing kan word nie." (Vgl. Acta, Ned., 1905, bl. 290.)

*Maresius* gee as sy gevoele in sy "Uitlegging van de Geloofsbelijdenis" te kenne: "Al staat het in sommige gevallen aan de overheid vrij godslasterlijke verleiders te dooden, vooral indien zij niet alleen lastig voor de Kerk *maar ook gevaarlijk voor den staat bevonden worden*, dit toch liever aan de wijsheid en het geweten der overheid moest overgelaten worden, dan dat de regeerders der Kerk hierop al te heftig bij de overheid zouden aandringen" (aangehaal Acta, Ned., 1905, W. 290 — kursivering van ons.)

*Junius*. Hierdie Geref. teoloog laat hom soos volg uit: "Wanneer echter door de werken van ongeloof de verborgenheid der godzaligheid, alle goddelijke en menshelijke orde en anderer welstand hardnekkig worden aangerand, dan is het geen werk van den antichrist, wanneer de mensch, die aan die misdaad schuldig is, wordt onderdrukt, en wanneer hij alle paal en perk roekeloos te buiten gaat, ook met den dood gestraft wordt. *Niet wegens zijn ongeloof als zodanig, maar wegens de werken van zijn schadelijke en hardnekkig ongeloof*" (aangehaal deur Visscher, a.w., bl. 167 — kursivering van ons).

*Voetius*. Voetius, wat meegewerk het aan die vasstelling van die teks van die Belydenis en wel as lid van die Dordtse sinode, lê groot nadruk daarop dat die owerheid nie alles mag toelaat nie, dat dit 'n goddelike roeping het om te waak oor die geestelike volksbelange, *daarom ook, omdat die republiek self daarmee staan en val* (vgl. Visscher, a.w., bl. 146 — kursivering van ons).

Belangrik is ook die volgende uitspraak van Voetius: "Niet dat ick soude begeeren dat alle de raetslagen, seghwoorden, ende daden met de minste omstandichheden, soudon op 't nauwste ondersocht, ende aen allen om na te volgen voorghestelt worden, veel min dat ick soude willen, dat men dit op yeder dwalende, ende anders inde Religie gevoelende toepassen soude, of datter *een ketterdodinge*, gelijk men het noemt, inghevoert ende de vryheidt der conscientie, wegh ghenomen werde (gelijckerwijs de Bemonstranten lasterlijck plegen te swetsen) *gheensins*; maer alleenlijck op dat ick aanwijse, dat alle, so wel kerckelijcken, als politijcken, in desen algemeynen regel over een gestemt hebben, namelijck: Dat de antitrinitarische ketterijen niet te verdragen zijn" (aangehaal by Visscher, a.w., bl. 147).

Hier kan nog vermeld word dat die eerste en tweede Helvetiese Konfessies, die Engelse Konfessie van 1553, die Skotse Konfessie van 1560 en die Westminsterse Konfessie van 1647 in hierdie materie met die Ned. Geloofsbelydenis ooreenstem.

Later, hoofsaaklik in die negentiende eeu, is deur Geref. Kerke in Angelsaksiese lande wysiging aangebring, min of meer in die gees van die rapport wat in 1905 in Nederland gedien het.

*3. Is die opsteller van die Konfessie en die Geref. vaders in, die algemeen in stryd met hulleself?*

Soos reeds vasgestel, is die gevoele van beswaardes dat die Konfessie en die Geref. vaders in stryd is met twee beginsels deur hulself neergelê, nl. dié van gewetensvryheid en dié van die selfstandigheid van kerk en staat teenoor mekaar. Ons wil nou hierdie stelling nader ondersoek.

a. *Gewetensvryheid*. Dit is vir geen teëspraak vatbaar nie dat die Hervormers en met name die Calviniste in hulle dae die groot kampvegters vir gewetensvryheid was. Hulle het te veel onder die Inkwisisie gely om self weer iets dergeliks in te

voer.

Tog het hulle blykbaar nooit 'n teenstrydigheid- tussen hulle beginsel van gewetensvryheid en die Konfessie gesien nie. Guido de Brès, die opsteller van die Konfessie, het hom in die brief wat die Belydenis vergesel het, sterk uitgelat teen geloofsinkwisisie. Calvyn het hom op verskillende plekke beslis oor hierdie saak uitgespreek. Ons kan hier ook nog die name van Beza, Maresius, Voetius noem, maar hulle standpunt blyk genoegsaam uit sitate in die vorige paragraaf.

Onder gewetensvryheid het hulle egter nie verstaan 'n vryheid om in die openbaar al wat 'n mens wil uit te spreek en te propageer nie. Dit word algemeen erken dat vryheid perke moet hê, anders ontaard dit in losbandigheid. Op die terrein van die gewete mag die staat nie kom nie, maar dit is 'n ander vraag hoeveel die owerheid *op publieke terrein mag toelaat*. Die Geref. owerheid in die Nederlande van die 17de eeu het dan ook soms streng opgetree (vgl. Visscher, a.w., p. 184 v.v.). Gewoonlik was dit in gevalle waar die dwaalgevoelens gedreig het om die openbare orde te versteur of die grondslae van die staat te ondermyn. Vgl. bv. die volgende uitspraak van Trigland:

"Nochtans en *willen sy daerom over der Remonstranten conseientiën niet heerschen, want sy weten, dat niemand macht heeft over de consciëntiën, als God alleen*; ende daerom en dwingen sy hen niet te ghelooven anders alsse doen. Willen de Remonstranten de waerheyt gheen plaetse geven, dat sy ghevoelen, so als sy konnen, maer ondertusschen den gereformeerden kerken niet en beroeren."

Verder, en hier word nou duidelik waarom dit wesenlik gaan: "Als voor eerst, hoe dat *sy om* hare religie niet vervolght en worden, dat is, dat de Placcaten teghen haer gemaect ende de Proceduren daerop volghende, niet en sijn aengehestelt, omdat de Remonstranten dese of ghene Religie hebben met de Ghereformeerde Religie strydende, maer om datter saken onder loopen, *die de Politie ende den staet des Landts raken*" (aangehaal by Visscher, a.w., bl. 437/8 — kursivering van ons).

Die belangrike punt is vir ons hier dat die Geref. teoloë van die 17de eeu sulke uitsprake kon doen sonder dat daar sprake *is* van 'n besef dat hulle in stryd met art. 36 sou handel.

#### b. *Selfstandigheid van Kerk en Staat teenoor mekaar.*

Dit is onmoontlik en ook onnodig om in hierdie rapport op die breë vraagstuk van die verhouding van kerk en staat in te gaan. Laat dit hier genoeg wees om te verklaar dat Calvyn seker die selfstandigheid van beide Kerk en Staat geleer het en dat die Geref. vaders saam met hom gestry het vir die *ius in sacra* (reg in die heilige dinge) van die kerk. Dink bv. aan die toepassing van die kerklike tug. Liewer as om toe te gee, het hy in ballingskap gegaan.

Tog het Calvyn en ander geen meganiese skeiding beoog nie. Die Hervormer van Genève gebruik bv. die beeld van siel (kerk) en liggaam (staat). Daar is groot en

belangrike dekkingsterreine waarop albei beweeg. Slegs die Liberalisme kan 'n absolute skei-ding en die leer van die "neutrale" staat handhaaf.

Hoewel dus kerk en staat selfstandig is en geen heerskappy van die een oor die ander geduld mag word nie, *hei die een tog 'n roeping teenoor die ander ooreenkomstig die Woord van God*. In art. 36 word die roeping van die staat teenoor godsdiens en kerk beskrywe. Dit is duidelik dat die staat ook met die kerk rekening moet hou.

### *SAMEVATTING VAN PUNT 1 TOT 3*

Samevattend kan ons nou as konklusie ten opsigte van die leer van Konfessie en Geref. vaders dit vasstel:

1. Die burgerlike owerheid het 'n roeping ten opsigte van beide tafels van die wet.
2. Wat betref sy roeping t.o.v. die eerste tafel, kan onderskei word tussen 'n positiewe en 'n negatiewe aspek.
3. Positief is dit die roeping van die owerheid om die hand te hou aan die heilige Kerkdien.
4. Negatief is dit die roeping van die owerheid om die ryk van die antichris te gronde te werp en wat daarmee saamhang.
5. Die positiewe bemoeiing van die owerheid beteken geen inmenging in die inwendige sake van die kerk nie. Die selfstandigheid van die kerk word ten volle gehandhaaf, net soos dié van die staat.
6. Die negatiewe bemoeiing van die owerheid is daardeur beperk dat dit alleen te doen het *met die publieke terrein*. Die vryheid van die gewete moet dus ongerep gehandhaaf word.
7. Die owerheid het die reg om ook in hierdie geval van die swaardmag gebruik te maak, *maar* dit wil nie sê dat dit per se op alle gevalle van toepassing is nie. Die owerheid behou sy diskresionêre bevoegdheid soos ook in die gewone burgerlike regspraak.
8. Die owerheid moet die uiterste straf alleen toepas waar dit gevalle betref van *Hardnekkige verset en van poginge tot vernietiging van die religie as sodanig*. Latere Geref. teoloë het daar-voor gepleit dat die doodstraf liever nie toegepas moet word nie. Die Konfessie bepaal in elk geval nie hoe opgetree moet word nie.

#### *4. Is hierdie beskouinge in stryd met die Heilige Skrif?*

Beswaardes is van gevoele dat die leer van die Konfessie in stryd is met die Nuwe Testament. Volgens hulle het die vaders hulle hoofsaaklik op Ou-Testamentiese tekste beroep, wat óf nie ter sake is nie óf slegs gegeld het vir die Ou-Testamenties-teokratiese bedeling. By Israel — so heet dit — het kerk en volk

saamgeval. In die Nuwe Testament staan die kerk selfstandig naas die staat en die geestelike tug is onderskeie van die gewone burgerlike straf. Vir die Nuwe-Testamentiese bedeling — aldus beswaardes — het die Here "geen klaar en uitgedrukt bevel" gegee hoe die owerheid teenor kettery, valse godsdiens en die ryk van die antichris in die algemeen moet optree nie.

Daarom moet gelet word op die beginsels wat Gods Woord ons in die Nuwe Testament gee aangaande die aard van die koninkryk van die hemele. En dan is dit duidelik dat Christus alle poginge om sy ryk deur uitwendige geweld uit te brei of te verdedig, teëgestaan en afgekeur het. As bewyse word aangehaal: Matt. 13:29-31; 36-43; Matt. 26:52; Luk. 9:55; Joh. 18:36; 2 Kor. 10:4; Ef. 6:14. Die enigste krag het gelê in die Woord wat Christus en die apostels gepredik het (Rom. 1:16; 1 Joh. 5:4).

Daarom mag die owerheid die kerk nie met die materiële swaard teen kettters beskerm nie. Dit mag afgodery en valse godsdiens nie uitroei en die ryk van die antichris te gronde rig nie. Christus het gewil dat bose en goeie saam sal opgroei (vgl. die gelykenis van die onkruid) totdat Hy Self in die oestyd skeiding sal maak). Tot sover die beswaardes.

U deputate stem volmondig saam dat onderskei moet word tussen O.T. en N.T. maar meen tog dat beswaardes nie genoeg rekening hou met die eenheid van die Woord van God nie.

Beswaardes stem toe dat in die burgerlike wetgewing van Israel beginsels opgesluit lê wat vir alle tye en volke geld. Alleen maar, hulle meen dat die beginsels nie gevind word deur 'n beroep op Israel se geskiedenis te doen nie. Dan toon hulle egter self nie aan wat die beginsels is wat ons uit die O.T. kan aflei ten opsigte van die onderhawige saak nie.

Dit is vir ons onmoontlik om in die bestek van 'n rapport 'n volledige uiteensetting te gee van wat die O.T. en die N.T. leer in verband met die vraagstuk wat ons besighou. Ons wil daarom volstaan met enkele groot lyne en dan veral aantoon dat wat beswaardes uit die Skrifgegewens aflei, na ons oortuiging nie steek hou nie.

Dadelik wens ons dan daarop te wys dat hoewel daar 'n baie noue vereniging tussen Kerk en Staat onder die ou bedeling was, die terreine tog wel deeglik onderskei is. Vgl. Bavinck, Dogmatiek<sup>2</sup>, IV, 298: "Onder Israel was kerk en staat niet een en hetzelfde; er was onderscheid 'tusschen priester en koning, tempel en paleis, godsdienstige en burgerlijke wetten." Die een mog nie wederregtelik op die gebied van die ander tree nie. Dink aan die gevalle van Saul en Ussia wat self geoffer het en so die werk van die priesters gedoen het.

*Net soos in die nuwe bedeling word die kerk ook hier uitgebrei wanneer daar wedergeboorte, geloof en bekering is, werke van die Gees van God. Hiermee het die owerheid, ook in die Ou Testament, niks te doen nie. Ook hier geld dit: "Nie*

deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees..."

Sowel in die Ou as in die Nuwe Testament geld dus dat die koninkryk van die hemele homself nie met magsmiddels mag uitbrei nie. Die N.T.-tekste wat beswaardes aanhaal behou dan ook hulle volle krag. *Maar dit sê niks ten opsigte van die taal van die owerheid nie*, veral wat die publieke terrein betref.

Al is dit waar dat die kerk ook onder die Ou Verbond deur die werk van die Gees uitgebrei word, verhinder dit die geïnspireerde skrywer nie om goedkeurend te spreek van die daade van vrome konings wat die afgoderye uitgeroei het en selfs afgods-priesters geslag het nie (vgl. 1 Kon. 15:12; 2 Kon. 10:18; 18:4; 23:1; 2 Kron. 31:1; 34:33). Hulle werk was die Here welgevallig. *Waaruit nie hoef te volg dat dieselfde strawwe ook in die bedeling van die N.T. toegepas moet word nie*. Niemand sal daar vandag aan dink om van die owerheid te vra dat die Sabbatskender met die dood gestraf word nie. In soverre is daar onderskeid tussen die bedelinge. Dit is dan ook opmerklik dat die belydenis spreek van uitroei van afgodery, valse godsdiens, ens., dus *sake* en nie *persone* nie.

Wat die O.T. betref, wys dr. Van Lonkhuysen tereg nog op die koning van Ninevé wat sy volk oproep tot bekering, en op Moses se bevel aan Faraó om die God van die hemel te gehoor-saam en op die staatstuk van Nebukadnesar waarin by die God van die hemel verheerlik *op Qods bevel* (Geref. Theol. Tijdschrift, Nov. 1938, p. 506, 507). Ons kan ook nog Psalm 2 en Jes. 49: 23 noem.

Beswaardes erken dan ook dat hierdie tekste leer dat owerheidspersone hulle voor Christus moet buig *en sy kerk moet beskerm*, hoewel hulle van oordeel is dat hieruit nie as owerheidsplig kan afgelei word dat hulle met die swaard die vyande van Christus en sy kerk moet verdelg nie. Oor die negatiewe aspek word elders gehandel. Hoofsaak is vir ons hier dat daar blykbaar eenstemmigheid bestaan op die punt dat die owerheid die kerk moet beskerm, ongeag die persoonlike belydenis van die owerheid.

Wat die Nuwe-Testamentiese tekste betref wat deur beswaardes aangehaal word, kan ons volmondig met hul konklusie saamstem: "Alle poging om zijn rijk door uitwendig geweld uit te breiden of te verdedigen heeft Christus derhalve tegengestaan en afgekeurd omdat dit met den aard van zijn koninkrijk in strijd was." Ons meen egter dat ons duidelik aangetoon het dat art. 36 hiermee nie in stryd is nie, aangesien dit hier nie gaan oor die innerlike aard van die koninkryk van die hemele nie, maar oor die roeping van die owerheid, veral ten opsigte van die eerste tafel van die wet en wel *op sy eie terrein*.

Matt. 13:29-31, 36-43 toon bv. dat dit vir diensknegte van die Here, wie hulle ook mag wees, nie geoorloofd is om die koninkryk van die hemele hier op aarde in volmaakte staat tot openbaring te probeer bring nie. Niemand glo egter dat art. 36 dit beoog nie. Dit gaan hier om die handhawing van die eer van God op publieke terrein.

In verband met Joh. 18:36 merk Calvyn tereg op dat die roeping van die owerheid om die koninkryk te dien vir hom nie in teëspraak is met die feit dat die koninkryk slegs met geestelike wapens uitgebrei word nie. As die owerheid met sy swaard uit-gesluit is as *tussenkomende* middel, sluit dit sy noodsaaklikheid as bykomende middel nie uit nie. 'n Omheining laat die plante nie groei nie maar hou die diere weg.

Van die grootste belang is nog altyd die uitspraak dat die owerheid *dienaar van God* is (Rom. 13:4). Sommige beswaardes laat dit alleen sien op die tweede tafel van die wet, maar wie gee ons die reg tot hierdie willekeurige skeiding?

As gevra word: hoe weet die owerheid wat waar en wat vals is, kan in die eerste plek na Rom. 1:19 v.v. verwys word. As God nie reg gedien word nie, is dit onderdrukking van die waarheid en skuldige nalatigheid. Onkunde ontslaan nie van plig en verantwoordelikheid nie. As dit reeds geld van die heidene sonder enige kennis van die besondere openbaring, hoeveel te meer dan van diegene wat kennis dra van die Woord van God, die Heilige Skrif. Die Skrif maak dan ook nie onderskeid tussen belydende en nie-belydende owerhede nie. Daar is vandag seker geen owerheid wat kan verklaar dat hy niks van die Bybel weet nie. En tot almal sonder onderskeid kom die magtige eis dat hulle in die ware, sin van die woord dienaars van God sal wees.

Wel is dit waar dat die owerhede in die geskiedenis dikwels die ware kerk vervolg het en dit in die toekoms in verskerpte mate sal doen, maar hulle plig bly daar dieselfde om en hulle sal aan die hoogste Regter verantwoording doen.

Wanneer die owerheid sy roeping en plig versuim en self vyandig teenoor die kerk van Christus optree, dan is dit die plig van die Christene en van die Christelike kerke om (soos Calvyn en Guido de Brès gedoen het) hulle op hul plig te wys. En in lande waar die verkiesingsreg nog bestaan, het die onderdane die reg en die plig om toe te sien dat owerhede gekies word wat die Here vrees.

Beswaardes is ook van oordeel dat die Geref. vaders uitgegaan het van die gedagte dat daar een bepaalde, deur die staat erkende, kerk met wees, dat die owerheid hom deur dié kerk moet laat lei t.o.v. wat waar en vals is en dat alle ander godsdienstige rigtinge onderdruk moet word.

Uit die belydenis blyk egter niks hiervan nie. In die tyd van De Brès was trouens die owerheid 'n Roomse wat vanselfsprekend die Roomse Kerk sou begunstig. Hoe sou hy dan verwag het dat die staat die dekrete van hierdie kerk moes opvolg? Art. 36 bly ewe waar al is daar verskillende kerke. Ons het reeds aangetoon dat die staat slegs optree wanneer die sonde uitslaan op publieke terrein en wanneer die grondslae van die religie aangetas word deur hardnekkige goddelose.

Die owerheid mag hom nie deur 'n kerklike belydenis laat bind nie. Hy is alleen aan God verantwoordelik vir sy verklaring van die Woord van God. Wel sal die

owerheid die *advies* vra, van die Christelike Kerke, as hy dit ernstig bedoel met die uitoefening van sy plig, en daar ernstig rekening mee hou.

Saamvattend kan ons dus sê dat ons in hierdie saak op 'n ander standpunt staan as die broeders uit wie se kringe die besware voortgekom het. Ons kan hierdie standpunt aldus opsom:

Ons bely dat die staat of owerheid se plig oor alle aspekte van die samelewing gaan in soverre regshandhawing deur heerskappymag vereis is, d.w.s. in soverre vergelding in die ruime sin van die woord dringend verseker moet word tewille van die bestaan, die voortbestaan en die gesonde ontwikkeling van die menslike samelewing. So gesien is daar hoegenaamd geen grond om die regshandhawing by die kerk te laat halthou nie, mits verstaan word dat die staat se taak begin waar dié van die ander gesagsinstellinge, in casu die kerk, ophou.

*Konklusie.* — U Deputate meen dat hulle in bostaande uiteensetting die vraagstukke wat in verband met art. 36 staan, genoegsaam toegelig en die geopperde besware onder die oë gesien het. Hulle wil nou aanbeveel dat die eerw. Sinode soos volg besluit:

1. Op die grondslag van die Heilige Skrif kan daar geen verskil bestaan oor die vraag of die burgerlike owerheid 'n taak het ten opsigte van beide t<sub>a</sub>fels van die wet en dus ten opsigte van die ware godsdiens en die kerk van Christus nie, ongeag die persoonlike belydenis van die lede van die owerheid.
2. Verskil kan alleen ontstaan ten opsigte van die wyse waarop hierdie taak uitgevoer moet word. Dit hang saam met die feit dat gedurende die eeue die regsbehoefte en die regsoortuiging van die volksgemeenskappe verander.
3. Art. 36 van die Ned. Geloofsbelydenis beliggaam die ewige en onveranderlike beginsels van Gods Woord ten opsigte van die verhouding van die burgerlike owerheid tot die ware godsdiens in die kerk van Christus.
4. Die besware wat teen, sekere uitdrukkinge ingebring word, bv. teen die woorde "alle" (afgodery) en "uitroei" verloor hul betekenis wanneer hulle gelees word in die lig van die verklaring en toepassing wat die Geref. vaders van die sestiende en sewentiende eeu van die beginsels gegee het. In elk geval behou enige owerheid altyd sy diskresionêre bevoegdheid.
5. Aangesien alles afhang van die suiwere eksegeese van die artikel en die praktiese, betekenis vir ons tyd daarin geleë is dat ons sal weet hoe die beginsels onder die bestaande regsorde toegepas sal word, beveel die sinode by die ev. ekumeniese sinode aan dat die artikel onveranderd bly staan en dat die Geref. Kerke 'n baie duidelike uiteensetting sal gee van die betekenis van die artikel vir ons moderne tyd.



6. Hierdie uiteensetting sal sover moontlik wêreldkundig gemaak word en sal ook 'n woord bevat wat spesiaal aan die owerhede gerig word. Hierin sal:
  - a. Die owerhede wat positief Christelik is, bemoedig word in hul strewe.
  - b. Die owerhede wat "neutraal" staan teenoor die Christus en sy kerk, daarop gewys word dat hulle nie neutraal. *mag* wees teenoor die geopenbaarde Woord van God nie.
  - c. Die beslis heidense owerhede met alle kiem daarop gewys word dat hulle hul moet bekeer van hul afkerige weë, dat hulle die kerk van Christus in sy selfstandigheid sal handhaaf, hulle geen ius in sacra (reg ten opsigte van die inwendige sake) sal toeëien nie en die hals sal buig onder die juk van Christus.
  - d. Aan alle owerhede verduidelik word wat die Skriftuurlike leer van die vryheid van die gewete en die roeping van die owerheid. in hierdie verband is.
7. Bostaande rapport (geamendeer al dan nie), asook die besluite van die sinode in hierdie verband, sal deurgestuur word na die ev. ekumeniese sinode van Geref. Kerke.

Hiermee meen u Deputate aan hul opdrag voldoen te hê.

Met die bede dat die Here u gewigtige werksaamhede mag seën, by ons, u brs. in Christus,

W. J. SNTMAN,  
J. D. DU TOIT,  
A. DUVENAGE,  
L. J. DU PLESSIS,  
S. DU TOIT (Rapp.)